# REAKSIE OP DIE HERONTPLOOIING VAN PREMIER MOSIUOA LEKOTA EN DIE ONDEMOKRATIESE WYSE VAN AANSTELLING VAN DR. IVY MATSEPE-CASABURRI AS SY OPVOLGER

## DEEL 1: DIE NASIONALE INGRYPING IN DIE BESTUUR VAN DIE VRYSTAAT

**Johan Moll**[1]

***Abstract***

*In the first part of this article a factual historical analysis is given of the redeployment of the Free State Premier, Patrick Lekota, as a result of the unresolvable faction fights within the ANC, the continuing protest against his transfer and the ongoing "obscurity concerning the objectives of the national leadership" in solving the political debacle. In the second part the background of his successor, Matsepe-Casaburri, is analysed, as well as the undemocratic way in which she was forced into the politics of the Free State, the litigation in respect of Lekota's removal, the commencement of the Casaburri era and how the serious political fiasco contributed to the consideration of the desirability of the fact that the premiership and leadership of the party should be seated in the same person.*

*The undemocratic conduct of the national leaders of the ANC was a foreshadowing of the increasing trend to subordinate the Constitution and the existing provisions concerning the way in which premiers in the provinces is appointed to what the leaders of the ANC have previously aimed at and decided upon. This article is a critical, historical reconstruction of the role of the national leadership of the ANC and the reaction of the Free State community. The white-centric nature of the reporting, especially of the only newspaper in the Free State which followed the political drama closely and documented it, is supplemented as far as possible by perspectives from other, more liberal ANC media outside the province who are well-disposed towards the party. If communication is about, among other things, shared meaning by individuals, groups or organisations by openly sharing facts and norms by means of the written and the spoken word, this analysis provides a view on how shared meaning was not reached and optimum communication was by far not pursued or achieved.*

**Keywords**: Mosioua Lekota; Ivy Matsepe-Casaburri; Free State premiership; disagreement in Free State politics; ANC; Pat Matosa; party unity in ANC.

**Sleutelwoorde***:* Mosioua Lekota; Ivy Matsepe-Casaburri; Vrystaatse premierskap; onmin in Vrystaatse politiek; ANC; Pat Matosa; party-eenheid in ANC.

---

1 Emiritusprofessor, Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis, Noordwes-Universiteit. E-pos: molljc@ufs.ac.za

## 1. INLEIDING

Die verhaal van die "herontplooiing" van die Vrystaatse premier na slegs twee jaar in die premiersamp, handel hoofsaaklik oor die uitkoms van die magstryd tussen die belangrike ampsdraers van die ANC-leierskap in die Vrystaat en premier Lekota, en die uiteindelik gebrek aan sinvolle dialoog tussen die strydende partye. Die belangrikste redes vir die stryd tussen veral die premier en die leier en onderleier van die ANC in die Vrystaat, Pat Matosa en Ace Magashule, kan soos volg saamgevat word: die wyse waarop die eerste ANC-premier in die Vrystaat aangestel is; die Vrystaatse noord-suid ANC-verdeling en die gevolglike drastiese wedywering tussen ambisieuse individue om politieke mag en posisies te bekom; die wyse waarop die premier korrupsie probeer bekamp het en die reaksie daarop uit ANC-geledere; en, ten slotte, die diepliggende verskil in siening tussen die premier en invloedryke politici oor grondwet versus partybelange. Al hierdie faktore is gekenmerk deur 'n kortsluiting in gesonde en volgehoue kommunikasie tussen die belangrikste rolspelers en hulle kortsigtigheid om hulle wil te laat seëvier. Herhaaldelike ingryping deur die nasionale regering in die steeds heftiger wordende twis was uiteindelik die enigste uitweg, en toe selfs dit op die lange duur geen oplossing kon bied nie, was die finale oplossing die "herontplooiing" van die premier sowel as sy belangrikste teenstanders.

Hierdie geskil was een van die ernstigste debakels in die politieke geskiedenis van die Vrystaat (en dit slegs enkele maande na die ANC se oorname), wat die Vrystaatse administrasie en ontwikkeling vir bykans die grootste gedeelte van Lekota se termyn toenemend benadeel en aan bande gelê het. Dit sou 'n bydraende faktor word wat die ANC uiteindelik verplig het om die wyse van aanstelling van premiers te wysig. Die ontleding van hierdie geskil dui ook aan watter onsekerhede en vaaghede bestaan het oor wat die deurslag behoort te gee in die administrasies van die provinsies: ANC-partybelange of die bepalings van die grondwet. Om vir dekades lank militêr te veg vir die regte en oorlewing van 'n party en daarna skielik die rol te moet aanvaar van 'n vredesoekende, wetsgehoorsame en grondwet-respekterende party en bewindhebber, het enorme en totaal nuwe eise aan die ANC gestel. As militante party, geskoei op militêre grondslag en totaal onervare in demokratiese prosesse en staats- en plaaslike bestuur, het die verowering van politieke mag, 'n nuwe dissipline en groot aanpassings in kommunikasievaardighede geverg. Die ANC in die Vrystaat, soos elders in die land, moes van meet af aan sy weg vind in die moeilike aanpassing vanaf 'n bevrydingsbeweging, waar militêre dissipline en gehoorsaamheid deurslaggewend was, tot 'n regering wat 'n oop, demokratiese bewind van onderlinge raadpleging en maksimum kommunikasie moes probeer toepas.

Die faksiestryd het so lank gesloer en soveel aandag van die nasionale leierskap geverg, dat daar uiteindelik geen ander uitweg was nie as kragdadige en onverbiddellike optrede deur die nasionale leierskap en 'n finale beslissing deur die president. Meer as ses keer moes nasionale leiers soos Cyril Ramaphosa, Steve Tshwete en Tito Mboweni die Vrystaat besoek, ondersoek instel en aanbevelings doen, Vrystaatse deputasies daaroor na president Mandela ontbied en al die ANC-takke by geleentheid daaroor laat vergader, sonder dat 'n blywende oplossing gevind is.

## 2. EERSTE GERUGTE VAN 'N NUWE PROVINSIALE TOPBESTUUR

Tito Mboweni, wat 'n belangrike rol sou speel in die finale ontrafeling van die geskil, het reeds teen 26 Oktober 1996 te kenne gegee dat 'n nuwe Vrystaatse Provinsiale Uitvoerende Komitee (PUK) vroeg in 1997 op 'n provinsiale konferensie gekies sou word (Nieman 1996). Eers sou die nuwe ANC-lede van die Vrystaatse Wetgewer aangekondig word, want die premier, die voorsitter en ondervoorsitter van die party (onderskeidelik Pat Matosa en Ace Magashule), sou uit die wetgewer verwyder en vervang moes word deur skuiwe van dienende ANC-politici binne en buite die Vrystaat. Geen demokratiese verkiesing kon plaasvind nie, omdat die premier nie ontslaan is na 'n mosie van wantroue soos deur die grondwet vereis is nie. Dit het 'n oplossing bemoeilik en sou die uitruil en wisseling van dienende ANC-politici beteken, moontlik vanuit die parlement met uitruiling en terugplasing uit die Vrystaat. Eers daarna sou die nasionale bestuur van die ANC met die provinsiale koukus vergader om te besluit op 'n nuwe premier en LUR'e (Nieman 1996). Hoe sterker die gerugte geword het van die verwydering tussen die premier en sy vernaamste teenstanders uit die Vrystaatse politiek weens hulle onoorbrugbare en fel twisgeskille, hoe sterker het die gerugte begin word dat dr. Ivy Matsepe-Casaburri waarskynlik na die Vrystaatse Wetgewer gestuur sou word met die nog onuitgesproke moontlikheid dat sy aangestel sou word as nuwe premier. So 'n stap sou nodig wees omdat die premier, volgens die grondwet, 'n dienende lid van die wetgewer moes wees.

Vroeg in November 1996 het 'n deurslaggewende vergadering, met die oog daarop om die verlammende "haatstryd" op te los, tussen die Vrystaatse Provinsiale Uitvoerende Komitee (PUK) en die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) onder voorsitterskap van Mandela in Johannesburg plaasgevind, met dramatiese gevolge (Nieman 1996a). In 'n verreikende stap van die president, ten einde die vernietigende en sloerende twis finaal op te los, moes Lekota, Matosa en Magashule bedank. Die provinsie sou onder beheer van 'n interimkomitee geplaas word om die bestuur van die provinsie te behartig totdat 'n provinsiale kongres besluite kon

neem (Davenport 1998:92). Daarna sou die Vrystaatse Wetgewer 'n nuwe premier kies wat dan 'n nuwe Uitvoerende Raad sou saamstel.

Op 4 November is 'n "kragdadige" besluit op 'n vergadering tussen die ANC-NWK en die Vrystaatse PUK in die ANC se hoofkantoor, Shell House, geneem. Totaal ondemokraties (maar waarskynlik ook buite raad oor die onoplosbaarheid van die probleem) het die nasionale leierskap beslis dat die nuwe premier iemand sou wees wat op bevel van die NUK gekies word, 'n besluit waarvan die Vrystaatse ANC-koukus nie sou mag afwyk nie. Hoewel die grondwet bepaal het dat die premier 'n lid van die wetgewer moet wees, is gemeen dat die nasionale ANC kon besluit dat die nuwe premier iemand buite die heersende konflik moes wees en dan so 'n persoon van buite die provinsie in die Vrystaatse wetgewende liggaam ontplooi kon word. Intussen het die NUK 'n tussentydse komitee aangewys om die ANC in die provinsie te bestuur totdat 'n nuwe PUK tydens die komende Vrystaatse provinsiale konferensie gekies kon word (Nieman 1996b). Hierdeur is die hoofakteurs in die twis uitgesluit van verdere oorweging as premier. Intussen sou die NUK 'n tussentydse komitee aanwys om die provinsie te bestuur tot tyd en wyl die provinsiale konferensie 'n nuwe PUK kon kies (Nieman 1996b).

Mbeki het in hierdie stadium laat blyk dat daar nog nie besluit is wie die nuwe premier sou wees nie. Die besluite van die vergadering van 4 November is deur die NWK bekragtig, waarna dit in werking getree het. Feitlik onmiddellik het die NWK 'n afvaardiging (o.a. Mboweni en Ginwala) na die ANC-koukus in die Vrystaatse Wetgewer gestuur om die besluite oor te dra en te bespreek. Lekota, sy mede-strydendes, die LUR'e en die PUK het geen ander keuse gehad as om hierdie besluite te aanvaar en hulle neer te lê by al die opdragte en stappe wat geneem sou word nie. Hulle het ook streng opdrag ontvang om nie met die media oor die gebeure te praat nie.

Voor die neem van al hierdie ingrypende besluite was daar weinig blyke van noue raadpleging met die provinsiale ANC, openlike debat oor die drastiese oplossings waarop besluit is, of volgehoue disseminasie van inligting oor wat presies aan die gang was nie. Een ernstige probleem was dat daar slegs een Afrikaanse nuusblad en geen swart koerant in die Vrystaat beskikbaar was nie. Eersgenoemde was uit die aard van die saak fel krities teenoor die ANC en sonder werklike empatie vir die dilemma van die nuwe, onervare regering en die uiters netelige kwessies waarvoor die nasionale ANC dringende oplossings moes vind. Dit was 'n wesenlike probleem om veral ongeletterde swartes op soolvlak in te lig oor watter oplossings beding word en die presiese redes daarvoor. In hierdie stadium het niemand in elk geval geweet wat die uitkomste sou wees nie, nie eers die nasionale leierskap nie. Dit was hoofsaaklik tydens ANC-byeenkomste waar lede van die bevolking ingelig kon word. Die Afrikaanse koerant het min moeite gedoen om deeglik verslag te probeer lewer van wat op sodanige saamtrekke

bespreek is en van blanke kant was daar nooit daadwerklike pogings om Sotho onder die knie te kry en kommunikasie tussen wit en swart te verbeter nie. Die onbevredigende situasie het bestaan dat die meeste Afrikaners hulle moedertaal gekoester en verheerlik het, terwyl swartes Engels as die taal van bemagtiging bewonder het, maar nie behoorlik bemeester het nie.

Tog is die "huisrevolusie" wat in die Vrystaatse ANC-politiek aan die ontvou was, deur die blankes nie net as negatief bejeën nie, omdat die onrealistiese verwagting gewek is dat dit juis die demokrasie kon bevoordeel en swartes uit hulle ou stempatroon kon laat breek, aldus Inus Aucamp, Vrystaatse leier van die NP. Tog moes hy erken dat die Vrystaat deur hierdie verwoestende politieke binnegeveg ernstig benadeel en in nog groter onsekerheid oor die toekoms gedompel is. Volgens hom het die NP lankal reeds voorspel dat die sweer gaan oopbars omdat die grondliggende verskille en ambisies van die strydendes (veral dié van die premier versus Matosa en Magashule), so diepliggend was dat die dramatiese verwikkelinge en ingryping op hoogste vlak wel te wagte was. Die krisis is voor die deur gelê van "swak dissipline en verdeeldheid" in die ANC wat veroorsaak het dat die twis buite perke geëskaleer en eindeloos gesloer het (Nieman en Horn 1996).

Die VF-leier in die wetgewer, Abrie Oosthuizen, het die dreigende afdankings weer gesien as 'n aantasting van die grondwetlike regte van die wetgewer omdat, volgens die interimgrondwet van 1994, dit die prerogatief van die lede van die wetgewer was om 'n mosie van wantroue in die premier te stel indien hulle dit nodig sou vind (Nieman en Horn 1996). Dit sou egter 'n verkiesing noodsaak wat die ANC nie wou hê of kon bekostig nie. 'n Kenner van staatsreg was van mening dat die ANC die leierskapskrisis presies soos die oorgangsgrondwet dit voorskryf, hanteer het, maar dat Oosthuizen ook reg was: as die premier en die lede van die UR bedank, kon die wetgewer 'n nuwe premier verkies, wat op sy beurt die UR aanwys. Aanvaar die wetgewer 'n mosie van wantroue in die premier en die UR, moet die premier kragtens artikel 154 bedank, die wetgewer ontbind en 'n verkiesing uitroep. Feit is egter dat die premier en die UR nie bedank het weens 'n mosie van wantroue nie, maar deur ingryping van die nasionale ANC-strukture, optrede wat nie demokraties verantwoord kon word nie (Nieman en Horn 1996).

Daar is erken dat die "skokbehandeling", waarvan daar op die tydstip sprake was, nodig was om die Vrystaatse ANC uit sy "verlammende broedertwis" te bevry. In hierdie stadium was daar nog geen besef dat Lekota dalk self uitgeskakel sou kon word om die probleem op te los nie. Lekota se steun in die wetgewer is as sterk genoeg beskou om hom as premier herkies te kry en hom dan meer beweegruimte vir optrede te gee (*Die Volksblad* 1996). Teen 6 November het dit egter geblyk dat ses van die hooffigure in die magstryd, "Terror" Lekota, Pat Matosa, Gregory Nhatisi, Ace Magashule, Papi Kganare en Vax Mayekiso moontlik gevra kon word om nie weer vir prominente posisies te staan nie. Dit was geensins vreemd dat die

Goudveld-streek, wat die steunbasis vir Matosa en Magashule was, laat blyk het dat hulle die bedanking van die premier, die UR en die PUK verwelkom het as laaste poging om die krisis te ontlont nie. Die verkiesing van ’n nuwe premier is uit hierdie oord bestempel as in belang van die Vrystaat en vir die eenheid van die ANC. “Almal is moeg vir die probleem van die ANC in die provinsie, en dit sal politieke selfmoord wees om dié laaste poging teen te staan. Ons erken dat baie skade aangerig is, en dat dit nie oornag uitgestryk sal word nie”, aldus Themba Dlova, voorsitter van hierdie streek (Grobler 1996).

Die vraag wat al dringender gevra is, was wat van Lekota sou word en watter uitruilings tussen Vrystaatse ANC-parlementslede in die Kaap en die lede van die Vrystaatse Wetgewer gedoen sou word om sodoende die leierskapskrisis te ontlont. Omdat die administrasie feitlik tot stilstand gekom het, is die Vrystaat vanaf 11 November binnegeval deur ANC-amptenare en verkeie nasionale leiers. Eerstens was daar die lede van die NUK, asook amptenare van die hoofkantoor in Johannesburg, om die provinsie in die interimtydperk heeltyds te bestuur. Tweedens is ’n nasionale benoemingskomitee aangestel om die verskuiwing en herontplooiing van die Vrystaatse LUR’e en nasionale LW’s te hanteer. Laastens is ’n span deur die NUK ontplooi om met die politieke bestuur te help, onder andere Mboweni, Manne Dipico en Jeff Radebe (Nieman 1996c). Daarbenewens het organiseerders van die ANC se nasionale hoofkantoor in Shell House in Welkom aangekom om die Vrystaatse ANC-sake te reël, aangesien die Vrystaatse ANC-leier, Pat Matosa, wat in Welkom woonagtig was, skynbaar ook die trekpas sou kry. Die taak van hierdie organiseerders was onder meer die belangrike reëlings vir die hou van ’n regverdige provinsiale ANC-konferensie waarop ’n nuwe provinsiale voorsitter en provinsiale komitee gekies sou moes word (Nieman 1996c). So het die Vrystaat die vernedering ervaar om deur buitestaanders ingeneem en oorgeneem te word, terwyl die Vrystaatse politieke leiers eenvoudig daarmee genoeë moes neem en dit alles van die kantlyn moes gadeslaan.

Die gerugte het al sterker geword dat Lekota sou moes bedank en die kernvraag wat onmiddellik opgeduik het, was of die “wind in die stryd om die premierskap noord of suid gaan waai” (Nieman 1996d). Die suidelike Vrystaat was Lekota se “vesting” terwyl Matosa en Magashule koning gekraai het in die noordelike Vrystaat. Die bestaande LUR’e sou blykbaar eers bedank nadat die nuwe kandidaatslyste opgestel is. In hierdie stadium het daar verstommend genoeg nog geen indringende debat in die wetgewer plaasgevind oor die presiese stand van sake en wat in die mou gevoer word nie. Dit het daartoe gelei dat ’n spesiale en dringende debat vir 15 November oor die leierskapskrisis deur die NP in die wetgewer aangevra is oor die onhoudbare onsekerhede waarin die provinsie gedompel is. Volgens Aucamp was “Vrystaatse amptenare in ’n dwaal en die Wetgewer self in die duister en die verleentheid het al groter geword omdat lede van die Wetgewer

en politieke partye wat die premier gekies het, nie 'n benul het wat aangaan nie". Sy argument was dat die stadium bereik is "waar die Wetgewer sy regmatige rol moet speel en ingelig word, omdat die liggaam 'n nuwe Premier moet kies" (Nieman 1996e). Niemand het nog bedank nie en die premier en die LUR'e was nog pro forma aan die roer van sake totdat 'n nuwe premier aangestel sou word. Skynbaar was die mikpunt dat die ANC se nuwe prosesse teen 25 November afgehandel moes wees.

Nog voordat die wetgewer kon vergader en daar darem iets van 'n demokratiese proses gestalte kon kry, het die verwagte bom op 14 November gebars toe die Vrystaat en veral die Lekota-ondersteuners met verslaentheid die nuus van sy verskuiwing uit die provinsie moes verneem. Dit het by monde van president Mandela gekom. Hy het die drastiese aankondiging probeer versag deur te ontken dat Lekota uit ANC-kringe uitgeskuif word en met die hoogste agting na Lekota te verwys met die belofte dat sy talente steeds deur die ANC "deeglik benut" sou word (*Die Volksblad* 1996a).

In hierdie stadium het Mboweni in Bloemfontein aangekom vir wat bestempel is as "operasie skoonmaak". Dit was vir hom duidelik dat daar ernstige kommer onder veral Vrystaatse sakelui geheers het oor die negatiewe invloed van die haglike politieke situasie. Hulle was onseker oor wie hulle in die regering moes nader om bepaalde sake op die terreine van die verskillende portefeuljes te bespreek en het 'n ernstige beroep gedoen om die krisis op te los sodat ontwikkelinge in die provinsie kon voortgaan (Nieman 1996g). Daar was 'n totale gebrek aan kommunikasie oor wat aan die gang was.

Uit blanke geledere is die veiliger opsie van 'n meer gematigde Lekota-ondersteunde bewind telkens beklemtoon en is die mening uitgespreek dat dit lyk asof die nasionale leierskap se "oplossing" vir die Vrystaatse leierskrisis 'n aanduiding is dat party-eenheid swaarder weeg as die belange van die provinsie. Die vrees was dat deur Lekota uit te skuif die gematigde faksie grootliks verswak sou word en die militante noordelike faksie die oorwinning kon behaal . Die vrees was dat 'n grondliggende rede vir die stryd die aanspraak van die baie meer linkse leiersfigure van die noordelike faksie op hoë poste was "as beloning vir hul rol in die 'struggle'" (*Die Volksblad* 1996a). Word hierdie "valke" hulle sin gegee, so is gewaarsku, en word die verkiesing van 'n nuwe premier van bo gemanipuleer, kon die twis voortduur en "onsekerheid en onrustigheid onder sakelui en belastingbetalers" aanhou en 'n "onbelemmerde premiersverkiesing" geknou word (*Die Volksblad* 1996a). Algaande sou dit egter duidelik word dat demokrasie in die pad van partybesluite nie geduld sou word nie.

## 3. VOLGEHOUE STEUN VIR DIE BEHOUD VAN LEKOTA

Die heersende onsekerheid het steun vir Lekota sterker laat opvlam en reeds op 18 November het sowat 30 vroue vir die premier se behoud voor die Lebohang-gebou, setel van die provinsiale administrasie in Bloemfontein, betoog (*Die Volksblad* 1996b). Lekota kon homself nie daarvan weerhou om sy vrees te kenne te gee oor die impak wat sy verskuiwing uit die Vrystaat dalk kon hê nie. Tog het hy laat blyk dat, hoewel hy hartseer was om die Vrystaat te verlaat, hy die skuif ter wille van party-eenheid sou steun. Uit opposisiekringe is dit as ongelooflik bestempel dat die ANC 'n bloedlose staatsgreep op sy eie premier kon uitvoer en die party se hiërargie bereid was om die konsep van "aanspreeklikheid, deursigtigheid en verteenwoordigendheid", waarop die grondwet veronderstel was om te berus, eenvoudig kon laat vaar. Toe die ANC se verbintenis tot die nuwe stelsel vir die eerste keer getoets is, is die gees van die grondwet verwerp en die party in die Vrystaat onbeskaamd eerste gestel (*Die Volksblad* 1996b).

Ook buite die provinsie, selfs sover as die Kaap, is heftige kritiek gelewer oor die premier en sy "warring colleages … being swopped around like chess pieces" sonder enige inagneming van die lede van die wetgewer wat immers deur die stemgeregtigdes in hulle ampte aangestel is (*The Cape Times* 1996). Die ANC vertrap eenvoudig die grondwet in plaas daarvan om dit te benut om die krisis te ontlont. Selfs in die *Sowetan* is gewaarsku dat indien die magskonflik tussen Lekota en die ander leiers nadelig op goeie regering inwerk, dit nie meer net die belang van 'n enkele party geraak het nie, maar 'n probleem was wat alle provinsiale stemgeregtigdes raak (Seller 1996).

Dat groter onrus dalk te wagte kon wees, het geblyk uit die aankondiging deur die Cross Roads Democratic Movement dat Bantu Holomisa, gewese adjunk-minister, op 20 November die spreker sou wees tydens 'n groot betoging waar Vrystaters die behoud van Lekota sou eis. Hierdie beweging het die betoging versterk deur oproepe van steun van Cosatu, die Pan African Congress en mense uit QwaQwa (*Die Volksblad* 1996b). Tydens die optog het Holomisa luid gevra wat van die beleid van deursigtigheid geword het en gemaan dat die voorgestelde verskuiwing van Lekota en sy teenstanders niemand tevrede sou stel nie, omdat die Vrystaatse kiesers demokraties wou deelneem aan die verkiesing van hulle leiers. Hy het tereg gewaarsku dat leiers wat opgedring word, gevangenes van die kliek nasionale leiers sou word (Nieman 1996g). Lekota self was ambivalent oor hierdie protes en het enersyds die demokratiese reg om teen sy verskuiwing te protesteer, erken, maar hom terselfdertyd tog van die optog gedistansieer (Versluis 1996).

Die siniese slae teen die nasionale leiers se ingrype het voortgeduur en ironies is opgemerk dat die ANC se minagting van die provinsiale bedeling en die klaarblyklike oorweging om iemand van buite die provinsie aan te stel, as so 'n

"harde dwarsklap vir die Vrystaat en sy beste belange" beskou is "dat dit selfs die twee twistende ANC-faksies in hul verwerping daarvan verenig het" (*Die Volksblad* 1996d).

In die lig van die opstandigheid het dit duidelik geword dat die verkiesing van 'n nuwe premier flink voetwerk sou vereis sodat dit nie sou lyk asof een van die strydende faksies die oorhand verkry het en die nuwe premier by die heersende "gemors" betrokke was nie. In die lig hiervan het die besef begin deurbreek dat Lekota se skuif onomkeerbaar was en daar was reeds aanduidings dat hy die besluit aanvaar het. Matosa en die twee LUR'e, Magashule en Gregory Nthtisi, sou ook na Kaapstad verskuif word, om daar in die Nasionale Vergadering te dien. Dit sou dus beteken dat uitruiling tussen parlementslede en wetgewerlede op die spel was. Daar is bespiegel dat Lekota dalk adjunkminister gaan word, maar daar was steeds talle onsekerhede oor hoe die politieke toneel sou ontwikkel. In hierdie vroeë stadium is vier wetgewerlede genoem as moontlike opvolgers vir Lekota: Tate Makgoe en Mxolisi Dukwana, lede van die Vrystaatse Wetgewer, Zingile Dingane, voorsitter van die parlement se staande komitee vir finansies en Sekhopi Malebo, Vrystaatse ANC-sweep in die Nasionale Vergadering (Nieman 1996h).

## 4. REAKSIE IN DIE NASIONALE VERGADERING

Die Vrystaatse debakel het veral een vraagstuk na vore gebring wat in nasionale belang beskou is en uitvoerig in die Nasionale Vergadering bespreek is. Onder opposisielede is die wese van die stryd gesien as 'n stryd tussen respek vir die grondwet en onderdanigheid aan die party. Veral die verwyt teen Lekota uit ANC-geledere dat hy sy grondwetlike magte bo partyebelange gestel het, is as skokkend bestempel. Op oorvereenvoudigde wyse is beweer dat Lekota tegnies sy premierskap ontneem is omdat hy sy grondwetlike magte as premier gebruik het om uitvoerende raadslede af te dank en aan te stel. Daarteenoor het Jacob Zuma, nasionale voorsitter van die ANC, in sy verwysing na Lekota se optrede, ANC-regeringsleiers prontuit gewaarsku dat hulle moeilikheid soek as hulle die grondwet belangriker ag as die ANC (*Die Volksblad* 1996c). Vir die opposisie het die huldiging van en moontlike wye steun vir Zuma se standpunt ernstige implikasies ingehou vir die oorlewing van 'n grondwetlike demokrasie in die land en groot ontsteltenis veroorsaak. Hierdie sin van Zuma het die rede openbaar waarom Suid-Afrikaners die party nooit kan vertrou nie, was die leier van die NP, Marthinus van Schalkwyk, se reaksie. Vir hom was dit "nog 'n voorbeeld van die langerwordende lys van outokratiese optredes deur die ANC, waar hy mense soos pionne hanteer as hulle nie by sy planne inval nie". Die hoof grondwetlike onderhandelaar van die DP, Colin Eglin, was ook van mening dat die ANC se afdanking van Lekota ernstige implikasies vir die oorlewing van grondwetlike regering inhou: "Toe die

ANC 'n interne partyprobleem in die Vrystaat moes hanteer, het sy hiërargie die konsep laat vaar van aanspreeklikheid, deursigtigheid en verteenwoordigendheid waarop ons Grondwet gegrond is" (*Die Volksblad* 1996c). Dit was 'n "terugslag vir die nuwe demokrasie dat die ANC, toe sy verbintenis tot die nuwe stelsel vir die eerste keer getoets is, die gees van die Grondwet verwerp en die party onbeskaamd eerste gestel het" (*Die Volksblad* 1996c).

Die leier van die DP, Tony Leon, se waarskuwing was dat die ANC se hantering van die Vrystaatse leierskrisis die brose demokrasie in Suid-Afrika kon vernietig, omdat persone "eensydig en ongrondwetlik afgedank" en die onafhanklikheid van provinsiale regerings "ongelooflike skade" berokken (*Die Burger* 1996). Selfs die *Sowetan* het gewaarsku dat indien die magskonflik tussen Lekota en ander leiers nadelig op goeie regering inwerk, dit 'n probleem word wat alle provinsiale stemgeregtigdes raak (Seller 1996).

Die grootste beswaar was dat die provinsiale wetgewer nie ontbind het nie en die premier nie op enige gronde aangekla is deur 'n tweederdemeerderheid van die wetgewer soos deur die grondwet vereis nie. Soos een briefskrywer dit verwoord het: "What kind of potential monster have we in our midst that can ask a man to give up his job and give neither him nor the public who pay his salary any reasonable explanation?" (Webber 1996).

Daar was geen empatie met die nasionale leierskap se delimma dat die Vrystaatse leierstwis werklik onoplosbaar geword het en die Vrystaatse leiers hopeloos verstrengel daarin geraak het, en op geen wyse meer deel van die oplossing kon wees nie.

## 5. ONDUIDELIKHEID OOR DIE NASIONALE LEIERSKAP SE OOGMERKE

Hoewel tientalle gerugte die omloop gedoen het en die spanning oor die toekomstige nuwe premier bykans "breekpunt" bereik het, het niemand in die Vrystaat nog geweet wat die taakspan onder leiding van Tito Mboweni se planne was nie. Dit sou geleidelik aan die lig kom en gekenmerk word deur sekere beloftes oor werkwyses en die uiteindelike verbreking daarvan. Die taakspan het wel vir twee weke lank die ANC-takke en -streke, Sanco, Cosatu, die Vroue- en Jeugliga en die SA Kommunistiese Party geraadpleeg, 'n proses wat op 22 November ten einde geloop het.

Skynbaar was die hoofoogmerk van die ANC met die herontplooiing van die Vrystaatse wetgewerlede dat dit nie sou lyk asof een van die strydende faksies die oorwinning behaal nie. Die nuwe premier moes vir albei groepe aanvaarbaar wees en moes nie iemand wees wat by die "gemors" betrokke was nie (Nieman 1996h).

Teen 23 November het dit uiteindelik duidelik geword wat die presiese stappe in die proses van beslegting sou wees. Eers sou Lekota en sy UR bedank sodat ’n nuwe premier aangestel kon word en dié weer ’n uitvoerende raad kon saamstel om sodoende die magstryd van byna twee jaar te beëindig. Die name wat nou meestal genoem is as moontlike nuwe premier was dié van Sekhopi Malebo, Papi Kganare (LUR vir Veiligheid), Tate Makgoe (LUR vir omgewingsake en toerisme) en Zingile Dingane (voorsitter van die parlement se gesamentlike finansieskomitee). Malebo en Kganare het op die tydstip na die gunstelinge gelyk. Hoewel Kganare nie as neutraal in die magstryd beskou is nie, maar ’n ondersteuner van Lekota was, het dit tog in sy guns getel dat toe hy as Vrystaatse premier moes waarneem hy goed gevaar het (Nieman 1996j). Einlik was hierdie bespiegelinge futiel, want in nasionale geldere was daar reeds die vaste oortuiging dat politici binne die Vrystaat nie in aanmerking moes kom vir die pos van premier nie.

Toe Mboweni, leier van die bestuurspan, gepols is oor die vrese dat iemand van buite die Vrystaat as premier afforseer kon word, het hy te kenne gegee dat takke in die Vrystaat begryp wat die posisie van die ANC hieroor is. Sy kommentaar was veelseggend: provinsiale grense is irrelevant, Suid Afrika moes as ’n eenheid beskou word en ANC-lede kon dus in enige provinsie ontplooi word (Nieman 1996k). Op ’n direkte vraag of Casaburri oorweeg word, was sy ontwykende reaksie dat hy nie name kon bevestig nie, maar hy was seker sy sou ’n versoek om ’n ander rol as voorsitter van die SAUK te speel, aanvaar, net soos Lekota ’n senatorskap aanvaar het. Hy het beklemtoon dat samesprekings en inligtingsvergaderings in die provinsie gehou is om te peil hoe lede voel en om te verseker dat leiers en ANC-lede saambeweeg. Hy het erken dat die proses om ’n finale oplossing te vind, nie langer kon voortsloer nie en dat president Mandela binnekort sou aandui wie waar ontplooi sou word. Lede van die wetgewer sou ook nie noodwendig parlement toe gaan nie, maar in die hoofkantoor of elders aangewend word. Van die voorstelle was dat Saki Belot, LUR vir finansies en ekonomiese sake, ook na die parlement verskuif word en dat drie LP’s, Sekhopi Malebo, Zingile Dingane en Webster Mafebe wetgewerlede word. ’n Senator sou ook moes skuif om plek te maak vir Lekota (Nieman 1996k).

Intussen het dit geblyk dat daar sterk negatiwiteit te bespeur was oor al die sterker wordende gerugte dat Casaburri wel aangestel sou word. Selfs die strydende groepe was skynbaar bereid om te verenig teen Ivy en om aan die nasionale leiers te toon dat hulle hul eie kandidate verkies wil hê. Die grootste beswaar teen haar was dat sy ’n buitestaander is en boonop ’n SAUK-”reject” is wat daar nie die mas kon opkom nie, en dat dit onder haar leiding die kreeftegang gegaan het weens swak bestuur en besluitneming. Die gevolg hiervan was dat sy by die regering vir bykomende finansiering moes bedel. Daarbenewens was sy vir die tweede grootste Vrystaatse taalgroep, die Afrikaners, onaanvaarbaar weens haar swak hantering van

Afrikaans. As sy dus nie vertroue by die boere en die sakelui kon wek nie en ook nie vir die Matosa- en Lekota-faksies aanvaarbaar was nie, het dit niks goeds vir vrede en orde vorentoe voorspel nie (Nieman 1996k). Ook die opposisiepartye in die wetgewer was geensins entoesiasties oor haar nie, omdat sy geen bewese politieke rekord gehad het nie en daar geen sekerheid was dat sy die ernstige probleme in die provinsie sou kon oplos nie. Om ’n provinsie te bestuur, is gewaarsku, was totaal anders as om ’n organisasie soos die SAUK te beheer (Nieman 1996k).

Die beoogde prosedure, wat sou beteken dat hulle ware wense verontagsaam word, het baie Vrystaatse leiers hoegenaamd nie aangestaan nie en hulle het hul op die ANC se Vryheidsmanifes beroep om te probeer keer dat die nasionale leiers se keuse op hulle afforseer word. Die Vryheidsmanifes het immers bepaal “dat geen regering op legitimiteit kan aanspraak maak as dit nie die mense se wil as grondslag het nie”. Dit het alles niks gebaat nie. Lekota en sy UR en die twee provinsiale leiers is afgedank en iemand van buite sou sonder raadpleging aan hulle “verkoop” word, so is gekla. Gevoelens het hoog geloop omdat hulle die reg ontsê is om self besluite te neem. In plaas daarvan dat die nasionale leiers die Vrystaatse takke geraadpleeg het, het hulle net opdragte gegee en “sake in hule eie rigting gedruk”. Groot druk is van oral uit die Vrystaat op die NUK uitgeoefen om nie Casaburri na die Vrystaat te stuur nie (Nieman 1996o).

In hierdie onstuimige omstandighede is daar by herhaling verwyte geslinger na die ANC oor sy “minagting vir die provinsiale bedeling asook vir die demokrasie en deursigtigheid” (*Die Volksblad* 1996d). Dat Casaburri oorweeg is, is bestempel as so ’n “harde dwarsklap vir die Vrystaat en sy beste belange dat dit selfs die twee twistende ANC-faksies in hul verwerping daarvan verenig het”. Lekota is summier herontplooi teen die wense van waarskynlik die meerderheid Vrystaters en Mboweni het beweer provinsiale grense is irrelevant. Die Vrystaters sou dus “self vir hul demokratiese en ander belange moes baklei. Op die ANC kan hulle nie vertrou nie” (*Die Volksblad* 1996d).

Die probleem was dat al hierdie argumente in ’n Afrikaanse koerant (*Die Volksblad*) uitgespel is wat die leiers binne en buite die Vrystaat nie gelees het nie en waaraan hulle hul in elk geval nie veel sou gesteur het nie. Teen 26 November het Mboweni laat blyk dat Ivy “hoogs waarskynlik” na die wetgewer gestuur sal word, maar dat daar nog baie ander persone was wat as premier oorweeg word. Die aantyging dat sy na die Vrystaat gepos word omdat sy ongewild by die SAUK is, het hy driftig weerlê met die argument dat sy iemand van statuur is wat groot respek afdwing en dat die wat nie van haar hou nie “’n spul dinosourusse” is wat lankal moes padgegee het. Hy het aangedui dat die lede van die PUK vroeg in 1997 tydens ’n provinsiale konferensie gekies sou word en dat daar binnekort aangedui sou word wie die nuwe lede van die wetgewer sou wees en watter dienende lede parlement toe gestuur sou word. Eers sou dit in die Staatskoerant gepubliseer word

en daarna sou die nasionale ANC met die nuwe provinsiale koukus vergader om te besluit op 'n nuwe premier en LUR'e, waarna die nuwe premier formeel in die wetgewer verkies sou word (*Die Volksblad* 1996e).

Die opposisie, naamlik die VF, het volgehou dat indien Casaburri premier word, die Vrystaat se belange nie in ag geneem sou word nie. Regstellende optrede het so min kundige amptenare in die Vrystaat gelaat, dat 'n premier met min ervaring sake net kon vererger. Die leier van die party het daarop gesinspeel dat hy nie weet hoe die ANC-lede van die wetgewer uit die parlement herontplooi en nuwes daar aangestel kon nie. Volgens die Kies- en Grondwet sou so 'n optrede nie korrek wees nie. Meer nog: Casaburri was nie eers op die ANC se kandidatelys nie (Nieman 1996n).

Hieroor het die ANC egter verskil. Die argument is aangevoer dat kiesers vir die ANC gestem het en nie vir individue nie en dat dit dus die ANC is wat regeringsbeleid in die provinsie moes bepaal, nie Lekota nie. Streng gesproke was hierdie standpunt korrek, aangesien daar in die eerste demokratiese verkiesing vir partye gestem is, nie vir individuele leiers nie. Omdat die geskil in die Vrystaat eenvoudig nie intern opgelos kon word nie, moes die ANC se nasionale leierskap intree en Lekota en sy kabinet ontslaan, want daar was geen ander alternatief nie. Die waarheid was inderdaad dat die ANC-leierskap in die provinsie – die premier en die hoogste ampsdraers van die party - klaaglik misluk het om 'n oplossing vir die nimmereindigende twis van bykans twee jaar te vind (Nyatsumba 1996).

Ten spyte van hierdie situasie het die optrede van die ANC se nasionale leierskap, volgens die *Star* nogtans, 'n slegte smaak nagelaat. In plaas van die Vrystaatse Wetgewer te oorreed om 'n mosie van wantroue in Lekota in te stel en hom sodoende te verplig om te bedank en sy regering te ontbind, is onkonstitusioneel te werk gegaan deur 'n demokraties-verkose ANC provinsiale leierskap af te dank. Die beswaar hierteen was dat dit 'n verkeerde sein uitgestuur het, naamlik dat die nasionale leierskap provinsiale leiers in die pad kon steek as dit hulle pas en dat sodoende aan die gewone kiesers te kenne gegee is dat hulle mening in werklikheid nie belangrik is nie. Baie profeties is gewaarsku: "Should the person who will be elected new ANC Free State chairman early next year not be the same person who will soon be appointed premier, the same conflicts of interest which Lekota and Matosa experienced might resurface again" (Nyatsumba 1996). Dit was inderdaad een van die kernprobleme: die ANC-voorsitter en die premier was nie dieselfde persoon nie en vir 'n party waar die demokratiese ervaring nog swak ontwikkel was, het dit steeds twee magsblokke meegebring.

Niks was egter nog finaal nie en die Vrystaters wat in daardie stadium die meeste steun ontvang het vir die premierskap, was Makgoe en Malebo. Makgoe se ondersteuners het beweer dat hy die beste LUR vir finansies in die land was en nie

regstreeks by enige van die faksies betrokke was nie. Malebo se ondersteuners het weer gemeen Makgoe was te na aan die Matosa-kamp.

## 6. SLOT

In werklikheid was die Vrystaatse ANC verantwoordelik vir sy eie dilemma en vernedering aangesien hy deur die nasionale leierskap totaal voorgeskryf is oor die wyse waarop die leierstryd opgelos en ’n nuwe premier aangestel sou word. Teen die einde van sy bewind het die faksievorming so ’n omvang aangeneem, dat daar vanuit die Vrystaatse ANC geen oplossing of ongekompromitteerde kandidaat vir die premierskap gevind kon word nie. Die Vrystaatse administrasie het feitlik tot stilstand gekom en daar was geen ander uitweg as ’n radikale oplossing nie. Die keuse van die nasionale leierskap was reeds gedoen en presies hoe Casaburri van buite aangestel sou word, sou fyn voetwerk vereis. Hoewel dit basies ondemokraties sou wees, moes die indruk geskep en veral voorbrand daarvoor gemaak word, dat sy wel die eintlike keuse van die Vrystaters was.

## BRONNELYS

Asmal K, Chichester D en James W (redakteurs) 2003. *Nelson Mandela. From freedom to the future*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Brewer JD (red.) 1998. “Internal black protest”. In: *Can South Africa survive? Five minutes to midnight*. Bergvlei: Southern Book Publishers. Chapter 8:184-205.

*The Cape Times* 1996. “Not in the spirit of the constitution”, 21 November.

Davenport TRH 1998. *The birth of a new South Africa*. The 1995 Joanne Goodman Lectures. Toronto: University of Toronto Press.

Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat, 5 Desember 1996, kol. 3067, 3071 en 3075.

*Die Burger* 1996. “ANC optrede kan SA demokrasie verwoes sê Leon”, 29 November.

Grobler C 1996. “Hooffigure in ANC-stryd dalk nie weer in leiersposisies”, *Die Volksblad*, 7 November.

Horn A 1997. “Ineenstorting van die VPR is ’n hersenskim van NP – ANC”, *Die Volksblad*, 18 Oktober.

Lodge T 2002. *Politics in South Africa. From Mandela to Mbeki*. Cape Town: David Philip.

Nyatsumba K 1996. "Must ANC wield the big stick?", *The Star*, 27 November.

Nieman N en Horn A 1996. "ANC se huisrevolusie in VS goed vir demokrasie", *Die Volksblad*, 5 November.

Nieman N en Sapa 1996. "Lekota bang oor impak in VS van sy aanstelling as senator", *Die Volksblad*, 15 November.

Nieman N 1996. "Ivy sal 'hoogs waarskynlik' na VS Wetgewer gestuur word – Tito", *Die Volksblad*, 26 Oktober.

Nieman N 1996a. "Mandela ontbied ANC in Vrystaat oor haatstryd", *Die Volksblad*, 3 Oktober.

Nieman N 1996b. "Nelson ruk VS se ANC in bek", *Die Volksblad*, 5 November.

Nieman N 1996c. "Lekota dalk weg uit VS", *Die Volksblad*, 11 November.

Nieman N 1996d. "Lekota word dalk adjunkminister", *Die Volksblad*, 12 November.

Nieman N 1996e. "Dringende debat in Wetgewer oor Lekota", *Die Volksblad*, 13 November.

Nieman N 1996f. "Lidmaatskap-aansoeke nie opgeskeur", *Die Volksblad*, 14 November.

Nieman N 1996g. "Vrystaat se sakelui bekommerd oor politieke situasie", *Die Volksblad*, 15 November.

Nieman N 1996h. "Sekerheid oor verskuiwings: nuwe premier gou gekry", *Die Volksblad*, 21 November.

Nieman N 1996i. "Magshonger van leiers kortwiek massas se aspirasies", *Die Volksblad*, 21 November.

Nieman N 1996j. "Spanning oor nuwe premier by breekpunt", *Die Volksblad*, 23 November.

Nieman N 1996k. "ANC sê nee vir Ivy as VS premier", *Die Volksblad*, 25 November.

Nieman N 1996l. "Takke verstaan ANC se posisie in VS – Mboweni", *Die Volksblad*, 25 November.

Nieman N 1996m. "Oupagrootjie was van Hugenote-afkoms", *Die Volksblad*, 25 November.

Nieman N 1996n. "Opposisie kap Ivy as premier", *Die Volksblad*, 25 November.

Nieman N 1996o. "Ivy laaste strooi, sê ANC in Vrystaat", *Die Volksblad*, 26 November.

Seepe J 1996. "Free State on edge", *The New Nation*, 29 November.

Seller J 1996. "Resolution of sorts", *Sowetan*, 20 November.

Sparks A 2003. *Beyond the miracle. Inside the new South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Van Vuuren DJ, Wiehahn NT, Rhoodie NJ (*et al.*) 1991. *South Africa in the nineties*. Pretoria: HSRC Publishers.

Versluis JM 1996. "Lekota distansieer hom van optog", *Die Volksblad,* 20 November.

*Die Volksblad* 1996. Hoofartikel: "Skokbehandeling", 5 November.

*Die Volksblad* 1996a. Hoofartikel: "Sen. Lekota", 15 November.

*Die Volksblad* 1996b. "Bantu praat more op betoging in Bfn", 19 November.

*Die Volksblad* 1996c. "Opposisiepartye kap ANC oor hantering van Lekota", 21 November.

*Die Volksblad* 1996d. Hoofartikel: "Erge dwarsklap", 26 November.

Waldmeir P 1994. *Anatomy of a miracle*. Londen: Penguin.

Webber M 1996. "Lekota's forced resignation is the death of a dream for the Free State", *Die Volksblad*, 24 November.